# Meng doeltreffende kruipvoer met Lamb Creep 80

Deur: Alheit du Toit (*Pr.Sci.Nat*)

Die voorsiening van voorspeense aanvullende voeding van lammers, algemeen bekend as kruipvoeding, is 'n praktyk wat toenemend toegepas word deur progressiewe kleinveeprodusente. Weens voordurende intensifisering, groter getalle meerlingooie en ongunstige omgewingstoestande word dit al hoe belangriker.

## Ekonomies belangrike voordele

Die voordele van hierdie voedingspraktyk is beter voerbenutting by jong lammers, versnelde rumenontwikkeling, jonger speenouderdom, verminderde speenskok, en makliker aanpassing in voerkrale. Verder behou ooie beter kondisie, met beter opvolgende konsepsie. Hierdie voordele word reeds deur talle produsente suksesvol benut om winsgewendheid te verbeter.

## Vereistes vir kruipvoer van gehalte

'n Wanopvatting onder produsente is dat gemaalde ruvoer, ooiproduksievoer of afrondvoere geskik is as kruipvoer. Dit is egter onvoldoende en ekonomies ondoeltreffend. Suksesvolle lam-kruipvoer vereis 'n spesiale formulering. Aangesien lammers nog ontwikkel as herkouers, moet die insluiting van ruvoer beperk word en van hoë gehalte wees. Dit impliseer dus voer met 'n hoë energie-inhoud, tesame met die insluiting van voldoende natuurlike proteïen van 'n hoë gehalte. Die aminosuursamestelling en verteerbaarheid van die proteïenbron is uiters belangrik en dit moet vry van teenvoedingsfaktore wees. Makrominerale, mikrominerale en vitamiene moet gebalanseerd teen hoër konsentrasies ingesluit word omdat jong lammers relatief min voer inneem.

## Tegnologiese hulpmiddels

Medikamente lewer 'n belangrike bydrae om voerbenutting te verbeter, metaboliese steurnisse te beperk en koksidiosebesmetting te onderdruk. Weens die hoë energie-inhoud is dit wenslik om rumenbuffers in te sluit ter bekamping van asidose, veral namate lammers mettertyd ontwikkel as funksionele herkouers. Daar is ook natuurlike voerbyvoegsels beskikbaar om rumenontwikkeling, voerinname, immuniteit en uiteindelik groei en voerbenutting te bevorder.

## Spesialis-kruipvoerkonsentraat

Feedtek Lamb Creep 80 (*Reg. nr. V23497; Wet 36/1947*) is spesiaal ontwikkel vir die tuismeng van kruipvoer vir lammers. Dit verskaf hoë vlakke van die noodsaaklike minerale, vitamiene, die nodige NPN, 'n smaakmiddel en twee medikamente in hoogs gekonsentreerde vorm. Dit is ook beskikbaar met die Elite-pakket wat natuurlike voerbyvoegsels insluit. Dit word aanbeveel dat Feedtek Buffer Pak (*Reg. no. V27811; Wet 36/1947*) ingesluit word om rumenasidose te beheer en voerbenutting te verbeter.



Vir meer inligting en voorbeelde van kruipvoere, skakel 086 111 5362, stuur 'n e-pos aan **info@feedtek.co.za** of besoek die webwerf **www.feedtek.co.za**.

Open Rubric